LAERSKOOL **ELARDUSPARK**
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

23 Maart 2021

Geagte Ouers/Voogde,

INLIGTING AANGAANDE FINANSIES

Die skoolgelde vir 2021 is tydens die Algemene Jaarvergadering soos volg goedgekeur deur 'n kworum ouers teenwoordig. Beide ouers van 'n leerder is ingevolge Artikel 40 van die SA Skolewet aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld tensy hulle vrygestel is van die betaling volgens die voorskrifte van die Departement van Onderwys.

Skoolgelde vir 2021:

Skoolgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar. Die kurrikulumfooi (Januarie paaiement), Februarie en Maart se skoolgelde was reeds betaalbaar.

GEEN UITSTEL vir laat betaling kan aan enige ouer van Graad R of 'n ouer van die Naskoolsentrum gegee word nie. Skoolgelde geniet voorkeur en moet opbetaal wees alvorens leerders van die Naskoolsentrum se dienste gebruik kan maak.

Wyse van betaling:

- Debietorder
- Elektroniese betalings
- Debiet-/kredietkaart betalings
- D6 Connect Toep (Swart ikoon)

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT LAERSKOOL ELARDUSPARK NIE MEER KONTANTINBETALINGS AANVAAR NIE.

Dit is belangrik dat u op hoogte bly van alle skoolnuus, daarom wil ons u herinner dat die d6 kommunikeerder (die blou desktop toep) binnekort nie meer beskikbaar sal wees nie.
Om effektief met ons te verbind, gradeer asb op na die d6 Connect toep by https://d6.co.za/education/products/d6-plus/d6-connect/
Dankie aan elkeen wat dit alreeds afgelaai het!

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT LAERSKOOL ELARDUSPARK NIE MEER KONTANTINBETALINGS AANVAAR NIE.

AANSOEK OM FINANSIëLE HULP:

Ouers wat nie die skoolgelde kan bekostig nie, mag aansoek doen om finansiële hulp. Die kriteria word deur die Departement van Onderwys bepaal en slegs ouers wat aan die kriteria voldoen, sal in aanmerking kom vir finansiële hulp.
Die "Regulasies vir die vrystelling van ouers vir skoolgeld" en gepaardgaande aansoekvorm, moet asseblief kontak maak met Me Susan Oosthuizen, by e-pos adres susanoosthuizen@lardies.co.za

In terme van die SA Skolewet Nr. 84 van 1996 moet daar jaarliks vir elke leerder 'n kontrole in die verband voltooi word. U word dus versoek om meegaande Kontrolevorm te voltooi en binne 7 dae na u kind se registeronderwyser terug te stuur.

In terme van die Nasionale Krediet Regulasies geniet skoolgeld hoogste prioriteit en behoort dit dus nie ten koste van ander skuld wat aangegaan is, of luukshede, agterweë gelaat word nie.

PLEEGOUERS

Pleegouers moet asseblief jaarliks hul dokumente inhandig, nl.

- **Geldige hofbevel**
- **Geboortesertifikaat van kind**

Subsidie kan slegs toegestaan word vir die tydperk soos op die hofbevel aangedui.

Ten einde goeie finansiële bestuur te kan toepas, is dit nodig om goeie kommunikasie met u as ouers te hê, daarom is dit elke ouer se verantwoordelikheid om die admin, sowel as die finansies kantoor skriftelik in kennis te stel indien enige van u persoonlike besonderhede sou verander, bv. adres, telefoonnommer ens. Stuur bogenoemde veranderinge na kantoor@lardies.co.za en finansies@lardies.co.za

Indien u as ontvanger van hierdie skrywe nie verantwoordelik is vir die betaling van die skoolgeld nie, word u asb. dringend versoek om dit aan die verantwoordelike party te besorg, die skool in kennis te stel en van die korrekte kontakbesonderhede te voorsien.

Vriendelike groete

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

FIN 11

VRYSTELLING: BETALING VAN SKOOLGELDE VIR 20_____

DETAIL VAN LEERDER/S

VAN	VOLLE NAME	GRAAD

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NR. 84 VAN 1996

REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING AAN OUERS
VIR DIE BETALING VAN SKOOLGELDE

KONTROLE VORM
(Merk die toepaslike blokkie)

1.	Is u ingelig oor die skoolgelde betaalbaar?	Ja	Nee
2.	Is u ingelig oor u verpligting rondom die betaling van skoolgelde, tensy u daarvan vrygestel is?	Ja	Nee
3.	Is u ingelig oor u reg om aansoek te doen vir vrystelling van betaling van skoolgelde?	Ja	Nee
4.	Wil u vir hierdie vrystelling aansoek doen?	Ja	Nee
5.	Het u hulp nodig met die voltooiing van die aansoek?	Ja	Nee

6. **Indien u vir hierdie vrystelling wil aansoek doen, haal asb. 'n aansoekvorm (FIN 3) by die Finansies kantoor af.**

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

_____ _____ _____

Naam van ouer **Handtekening** **Datum**